Op Reis Deur Die Bybel – Eksodus



Exodus is eintlik **ons verhaal** is. Hulle bevind hulle in **2 realiteite**. Aan die eenkant is hulle slawe van ‘n **gebroke wêreld** en aan die anderkant God se belofte van die beloofde land.

Ons almal bevind ons in die middel van **2 realiteite** wat ewe waar is. Aan die een kant lewe ons in ‘n **gebroke** wêreld, maar dan is daar die ander kant, die mooi, die lig in die donker. Beide hierdie **realiteite** is waar. ‘n gebroke wêreld en ter selfde tyd die mooi wat die Here mee besig is in mense se lewe. Die uitdaging vir ons is waarop rig jy jou gedagtes (fokus).

Verder, broers en susters, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle **GEDAGTES RIG**.

En God wat vrede gee, sal by julle wees. Filippense 4:8-9

_____

_____

_____

_____

_____

KLA vs. PRYS

Eksodus 14:11-12 Hulle het vir Moses gesê: “Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het? Ons het jou mos in Egipte gesê om ons te laat staan dat ons vir die Egiptenaars werk. Dit is vir ons beter om vir hulle te werk as om hier in die woestyn om te kom.”

_____

_____

_____

Eksodus 15:24 Die volk het by Moses **gekla**: “Wat moet ons drink?”

Wat is in my hart as dit moeilik gaan, kla of lofprysing?

_____

_____

_____

Eksodus 16:2-3 Daar in die woestyn het almal teen Moses en Aäron begin uitvaar (gemurmureer): “Die Here kon ons eerder in **Egipte** laat **doodgaan** het. Daar was ten minste genoeg om te eet. Nou het julle ons hier na die woestyn toe gebring sodat almal hier van honger kan doodgaan.”

Eksodus 17:3-4 Hulle was egter baie dors en het weer na Moses toe gegaan en teen hom **uitgevaar**: “Waarom het jy ons en ons kinders en ons vee uit Egipte laat trek om hier van dors **dood te gaan**?” Moses het toe by die Here gaan soebat: “Wat moet ek met hierdie volk maak? Hulle gaan my sonder die minste aanmoediging met klippe doodgooi.”

_____

_____

_____

Filippense 4:6 Wees oor niks **besorg** nie, maar laat julle begeertes in alles deur **gebed** en smeking met **danksegging** bekend word by God.

Inplaas van kla in ons moeilike omstandighede, vat dit na die HERE... Hoe? Met Danksegging en GEBED = lofprysing, aanbidding.

_____
_____
_____

Die gevolge van ‘n gemeenskap wat meer kla as wat hulle prys. Wanneer ons in ‘n denkpatroon verval, ‘n **gewoonte van kla**, ipv ‘n **gewoonte** van **prys en aanbidding**. Waar eindig dit vir hulle? Dit kan my **eindbestemming** kos as ek in ‘n **gewoonte** verval van **KLA** eerder as ‘n gewoonte van **PRYS.**

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____